

Laat die ganse skepping 'n simfonie wees!

Die simfonie van die skepping – dit is waartoe die profeet Jesaja ons oproep. Laat heel die skepping in 'n loflied uitbreek en God lof toesing omdat Hy 'n nuwe begin met sy volk en met die wêreld maak. Soos dagbreek is God se finale reddingsdaad aan die deurbreek.

Die lofsimfonie moet soos 'n klokkespel deur die hele wêreld beier. Almal wat die see bevaar en alles wat in die see is, die bewoners van vastelande en verre eilande, die woestyne en die stede by die oases, die bewoners van die vlaktes, valleie en bergagtige gebiede rondom Israel – almal moet God loof en prys.

Die *skriftuur* roep selfs ook die *natuur* op tot lofprysing. Het die Here Jesus dan nie gesê nie: "Let op hoe groei die veldlelies" (Matt 6:28). Kyk na die voëltjies. Volg met jou oë sy hand wat oor die wuiwende vlaktes wys en hoor sy stem. Die dale wat in ryke prag van kelk en kleur en geur voor die oog ontvou; die lelies wat in die oggend of aandwindjie golwend wieg, eenvoudig maar so skoon en so mooi – kyk goed daarna! Kyk na die geurige hiasinte, immergroen, met blommeprag, wit en hemelblou; wit, rooi, geel en blou anemone wat die sonskyn opvang; vorstelike madonnalesies en irisse, afgewissel met affodille en narsings van die dale in volle bloei; vrolike geel alpeviooltjies – elke blom so skoon dat Salomo se heerlijkheid daarnaas verdof!

Die almag van God dwing die skepping tot lof aan God. God maak nuut. Die Here sê (vs 9): "Ek kondig nuwe dinge aan." God verander die ou ordes. Verandering en vernuwing – dit is wat God hier laat afkondig en in juigsang en lofsang laat oproep. Die vernuwingsboodskap is die kern van die evangelie. Paulus besing dit só (2 Kor 5:17-18): "Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen ..."

God self is teenwoordig midde-in veranderinge en oorstaptye, soos ons verseker word in Jesaja 40:9. "Julle God is hier!" Wie met God in oorgangstye onderweg is, is kind van sy/haar tyd.

Sing: Psalm 150:1-3

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)